

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke gegee. Daarna volg 'n opsomming van die gevolgtrekkings waartoe daar in hierdie studie gekom is. Ten slotte sal aanbevelings gemaak word wat vir die onderwyssituasie van waarde kan wees.

6.2 SAMEVATTING

6.2.1 Probleemstelling (vergelyk 1.2)

'n Baie hoër vlak van werkstres word in die onderwys as in die meeste ander beroepe aangetref. Die probleem wat in hierdie ondersoek ter sprake was, is onderwysers wat werkstres ervaar in die klassituasie, as gevolg van ontwrigtende gedrag wat deur leerders geopenbaar word.

6.2.2 Doel van die ondersoek (vergelyk 1.3)

Die doel van die ondersoek is om te bepaal wat die effektiwiteit is van die begeleidingsprogram as 'n strategie om werkstres in die klassituasie te bestuur.

Besondere doelstellings is om:

- ondersoek in te stel na die aard en wese van stres (werkstres) en hoe dit onderwysers affekteer;
- te bepaal of die begeleidingsprogram gebruik kan word om ontwrigtende gedrag in die klaskamer te bestuur en die welstand van onderwysers en leerders te bevorder;
- om te bepaal wat die effek is van die begeleidingsprogram op onderwysers wat stres ervaar as gevolg van ontwrigtende gedrag in die klassituasie;

- om die effektiwiteit van die begeleidingsprogram te evalueer.

Om hierdie doelstellings te bereik, is die volgende navorsingshipotese geformuleer

‘n Begeleidingsprogram sal die onderwyser wat stres (werkstres) ervaar, help om ontwrigtende gedrag in die klaskamer beter te hanteer.

Hoofstuk 2 handel oor die klassituasie waar ‘n gesonde klasklimaat heers. Die einddoel van hierdie studie is om onderwysers van werkstres te verlig en ‘n gesonde klasklimaat te bewerkstellig.

Begrippe soos fisiese faktore (vergelyk 2.3.1); sosiale faktore (vergelyk 2.3.2) en onderrig-leerfaktore (vergelyk 2.3.3) is uit die literatuur gedefinieer, waarna ‘n kort opsomming van elke begrip gegee is. Vervolgens is elke toepaslike faktor van die klassituasie bespreek om ‘n gesonde klasklimaat verseker.

Die fisiese faktore sluit in aspekte soos die toestand van die geboue, geraas wat veroorsaak word - hetsy deur aspekte buite die klaskamer of die leerders in die klaskamer, die beligting en temperatuur in die klaskamer, die rol wat versierings teen die mure van die klaskamer speel, die korrekte wyse vir die plasing van die stoele en tafels en die belangrikheid van die klasgrootte ter akkommodering van al die leerders.

Sosiale faktore word as ‘n belangrik komponent beskou vir die daarstelling van ‘n gesonde klasklimaat. In die eerste plek moet daar ‘n goeie onderwyser-leerdersverhouding en leerder-leerdersverhouding wees om leerders te motiveer tot samewerking. Daardeur word die groepsdinamika bevorder, die hantering van konflik en die handhawing van gesag en dissipline verkry. Daar is gesien dat effektiewe kommunikasie deurgaans as belangrik beskou word. Hierdie aspekte dien as basis vir die daarstelling van ‘n gesonde klasklimaat (vergelyk 2.3.2).

In die kwessie van multikulturele onderwys en die bewerkstelling van 'n gesonde klasklimaat waar meer as een kultuur teenwoordig is, speel bogenoemde faktore ook 'n insiggewende rol (vergelyk 2.3.2.8).

Kurrikulum 2005, met uitkomsgerigte onderwys as strategie, bring baie veranderinge mee (vergelyk 2.4). In hierdie hoofstuk is ook die klassituasie bespreek waar uitkomsgerigte onderwys plaasvind en watter implikasies dit inhou vir die skep van 'n gesonde klasklimaat.

Nadat daar bepaal is hoe die klaskamer met 'n gesonde klasklimaat bewerkstellig kan word is daar vervolgens gekyk na faktore wat hierdie gunstige leeromgewing belemmer.

Hoofstuk 3 handel oor werkstres wat die onderwyser in die klassituasie ervaar en die oorsake daarvan. In hierdie hoofstuk is aspekte soos stres (vergelyk 3.2), meer spesifiek werkstres (vergelyk 3.3) en die onderwyser se ervaring van werkstres (vergelyk 3.4), op grond van die literatuur gedefinieer en bespreek. Die faktore in die multikulturele klassituasie wat vir werkstres verantwoordelik is, is ook in diepte bespreek (vergelyk 3.5.2.4).

Uit die literatuur blyk dit dat buiten die verskeie faktore wat tot werkstres aanleiding gee, ontwrigtende (ongewenste) gedrag wat deur leerders geopenbaar word, die grootste stressor is. Dit is dan ook die kern van hierdie hoofstuk (vergelyk 3.5).

Die oorsake van ontwrigtende gedrag wat deur leerders geopenbaar word, word toegeskryf aan biologiese faktore binne die leerder self (vergelyk 3.5.2.1), fisiese faktore van die klassituasie (vergelyk 3.5.2.2), asook sosiale faktore aangaande die leerder en die klasopset (vergelyk 3.5.2.3). Onderrig-leerfaktore lewer ook 'n groot bydrae daartoe dat leerders ongewens optree in die klas. Dit word toegeskryf aan swak beplanning, die tempo waarteen die les vorder, die vlotheid waarteen die les verloop en swak kommunikasie wat deur die onderwyser geopenbaar word. Die gevolg hiervan is dat die

les verloor en die leerders belangstelling in die les verloor ten einde afleiding te soek wat dan ontwrigtende gedrag ontlok.

In die klassituasie waar uitkomsgerigte onderwys as kurrikulum gevolg word, is daar ook faktore wat daartoe aanleiding gee dat die onderwyser werkstres ervaar. Daar word meer van die onderwyser vereis as wat die onderwyser kan hanteer. Onderwysers word ook nou met andersoortige probleme gekonfronteer, wat daartoe lei dat onderwysers werkstres ervaar (vergelyk 3.6).

Daar is gesien dat onderwysers in die klassituasie werkstres ervaar. Vervolgens is daar gekyk hoe die onderwyser begelei kan word om die stressors wat aanleiding tot werkstres gee, te beheer ten einde die werkstres te verlig.

Hoofstuk 4 handel oor die begeleidingsprogram waartydens gepoog word om die onderwyser met werkstres binne klasverband te begelei.

Die inhoud van die program is eenvoudig en neem baie min tyd in beslag. Aspekte wat daarvoor verantwoordelik is dat die onderwyser werkstres ervaar, is bespreek en daar is sekere vaardighede aan die onderwyser gegee ter hantering van die stressors.

Die program is opgedeel in weke en elke week is die onderwyser begelei vir die hantering van werkstres. Die onderwyser is begelei ten opsigte van die fisiese aspekte van die klaskamer (vergelyk 4.3.1); kommunikasievaardighede (verbaal en nieverbaal) (vergelyk 4.3.2, en 4.3.3); die motivering van leerders (vergelyk 4.3.4); die skep van 'n positiewe selfkonsep by die leerders (vergelyk 4.3.5); die hantering van ontwrigtende gedrag in die klaskamer (vergelyk 4.3.6); toepaslike onderrigvaardighede om ongewenste gedrag uit te skakel (vergelyk 4.3.7); die hantering van multikulturaliteit in die klaskamer (vergelyk 4.3.8) en 'n ontspanningsoefening vir die hantering van werkstres (vergelyk 4.3.9).

Die klassifikasie van die begeleidingsprogram (vergelyk 4.4) en die ontwerp en toepassing (vergelyk 4.5) is bespreek, waarna 'n voorbeeld gegee is van die begeleidingsprogram soos dit aan die onderwysers gegee is (vergelyk 4.6).

Die empiriese ondersoek is in **Hoofstuk 5** bespreek. Die algemene doel van die studie is om vas te stel wat die effektiwiteit is van die begeleidingsprogram as 'n strategie om werkstres in die klassituasie te bestuur. Ter beantwoording van die navorsingsvrae kan die begeleidingsprogram as strategie gebruik word om ontwrigtende gedrag in die klaskamer te bestuur en die welstand van leerders en onderwysers promoveer. Die begeleidingsprogram is effektief ten opsigte van die funksionering van onderwysers met stres as gevolg van ontwrigtende gedrag in die klassituasie. 'n Positiewe effek word deur begeleidingsprogram uitgeoefen op die onderwyser wat stres in die klassituasie ervaar.

Die besondere doelstellings is om:

- ondersoek in te stel na die aard en wese van stres (werkstres) en hoe dit die onderwysers affekteer;
- te bepaal of die begeleidingsprogram gebruik kan word om ontwrigtende gedrag in die klaskamer te bestuur en die welstand van die onderwysers en leerders te bevorder;
- om die effek van die begeleidingsprogram op onderwysers wat stres ervaar as gevolg van ontwrigtende gedrag in die klassituasie, te bepaal;
- om die effektiwiteit van die begeleidingsprogram te evalueer (vergelyk 1.3).

Na aanleiding van bogenoemde doelstellings en in die lig van die literatuurstudie waarin tersaaklike beginsels geïdentifiseer is, is 'n duidelike hipotese geformuleer. Die hipotese het betrekking op die doeltreffende toepassing van die begeleidingsprogram wat die onderwyser wat stres (werkstres) ervaar, sal help om ontwrigtende gedrag in die klaskamer beter te hanteer (vergelyk 1.4).

Hierna is die empiriese ondersoek (vergelyk 5.2) wat met hierdie studie gebruik is, bespreek. Die universum en keuse van die proefpersone is hierin verduidelik. Die redes

vir die keuse van die proefpersone is uiteengesit (vergelyk 5.2.2). Die samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, is ook van nader baskou (vergelyk 5.3.1).

Na hierdie bespreking is die keuse van die soort items vir die vraelys in oënskou geneem (vergelyk 5.3.4.1), Daarna het die eerste reaksie op die vraelys gevolg (vergelyk 5.3.4.2). Vervolgens is die uiteensetting van die finale vraelys volledig uiteengesit. 'n Loodsondersoek en die toestemming vir die verspreiding van die vraelyste is ook toegelig.

Nadat die vraelys as voortoets afgeneem is, is die begeleidingsprogram aan die eksperimentele groep gegee ter inoefening van die program. Na afloop van die inoefening van die begeleidingsprogram is dieselfde vraelys weer ingevul ter bepaling van die werkstresvlak van beide die kontrole- en eksperimentele groepe.

Vervolgens is die resultate wat verkry is aangaande hierdie studie, bespreek (vergelyk 5.5). Om die geldigheid van die selfopgestelde vraelys te bepaal is die alfa cronbach-waarde bereken (vergelyk 5.5.1.1). Statistiese verwerkings is gedoen om te kyk of daar 'n praktiese betekenisvolle verskil tussen die veranderlikes is (vergelyk 5.5.1.2) deur van d-waardes gebruik te maak. Laastens is gekyk of daar 'n praktiese betekenisvolle verskil binne die groepe voorkom ten einde vas te stel of die begeleidingsprogram effektief vir die doel van hierdie studie was (vergelyk 5.5.1.3).

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande literatuurstudie blyk dit dat onderwysers werkstres binne klasverband ervaar en dat ontwrigtende gedrag (ongewenste gedrag) deur leerders, as hoofstressor beskou word.

Die gevolgtrekking wat gemaak word uit bogenoemde bevinding is dat daar in die klaskamer 'n gesonde klasklimaat bewerkstellig moet word. Faktore wat die gesonde klasklimaat belemmer, moet geïdentifiseer en bespreek word om die oorsake van hierdie faktore wat na

vore kom, vas te stel. Daar moet in diepte gekyk word na stres, werkstres en die hoofstressor, naamlik ontwrigtende gedrag, wat vir die werkstres van onderwysers verantwoordelik is. Vervolgens moet bepaal word hoe hierdie werkstres wat deur onderwysers binne klasverband ervaar word, opgehef kan word.

Tydens die aanvang van die studie is probleme ontdek ten opsigte van die literatuur deurdat daar nie genoegsame inligting beskikbaar is aangaande die meetinstrumente - spesifieke vraelyste - vir die meet wat werkstres by onderwysers nie. Die gevolg was dat die navorser 'n selfopgestelde vraelys moes gebruik, waarvan die inhoud verkry is uit die literatuur en 'n behoeftebepaling wat by onderwysers gedoen is.

Tydens die empiriese ondersoek is 'n vraelys opgestel wat volgens die behoeftebepaling - wat gedoen is onder die proefpersone - alle aspekte omvat wat tot stres aanleiding gee in die klassituasie. Die vraelys het as voortoets gedien deur die proefpersone (onderwysers wat werkstres ervaar) te identifiseer. Daarna is die vraelys as natoets gebruik, ná afloop van die toepassing van die begeleidingsprogram deur die eksperimentele groep. Die geldigheid van hierdie vraelys is bepaal deur statistiese verwerkings. Die vraelys toon 'n alfa cronbach-waarde van 0,86 wat daarop dui dat die selfopgestelde vraelys wel werkstres van die onderwyser binne klasverband meet (vergelyk 5.5.2).

Dit blyk uit die voltooiing van die vraelys dat die proefpersone werkstres ervaar binne klasverband.

Nadat die selfopgestelde vraelys as geldig en betroubaar verklaar is, en die aspekte wat verantwoordelik is dat onderwysers werkstres ervaar geïdentifiseer is, is daar 'n begeleidingsprogram saamgestel ter hantering van die aspekte wat as stressors beskou word.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word uit die voortoets en natoets, bepaal of die begeleidingsprogram wat aan die onderwysers gegee is - in 'n poging om onderwysers te help om ontwrigtende gedrag te bestuur ten einde van hul werkstres ontslae te raak - geslaagd was. Tydens die statistiese verwerkings, volgens tabel 5.3(a) en tabel 5.3(b)

("Gemiddelde effekgroottes tussen die veranderlikes") is die voor- en natoetsing vergelyk deur van d-waardes gebruik te maak. Die verskille tussen die voortoets en natoets van die eksperimentele groep is 'n d-waarde van 1,45 gekry wat beteken dat daar 'n baie groot praktiese betekenisvolle verskil tussen die voortoets en natoets van die eksperimentele groep is en dat die werkstres vlak van die eksperimentele groep aansienlik afgeneem het. Aangaande die verskil tussen voortoets en na-toets van die kontrole groep is 'n d-waarde van 0,3 bepaal, wat daarop dui dat die kontrolegroep se werkstresvlak nie 'n beduidende verskil getoon het nie (vergeelyk 5.5.1.3).

Daar is heelwat leemtes ontdek vir die doeltreffende toepassing van die begeleidingsprogram wat as hoofdoel van hierdie studie beoog is.

Die volgende is tekortkominge rondom die implementering van die begeleidingsprogram.

- Die begeleidingsprogram kan met groot sukses aangewend word indien dit vanaf die begin van die akademiese jaar geïmplementeer word.
- Dit sou eerder aanbeveel word dat die onderwyser wat 'n hoë mate van werkstres ervaar, buite die klassituasie deur 'n kliniese sielkundige begelei en ondersteun moet word.
- Die begeleidingsprogram vir die doeleindes van hierdie studie maak nie voorsiening vir die hantering van leerders wat oor gedragsafwykings beskik nie.
- Daardeur word gesien dat van die vaardighede wat die onderwyser moet inoefen, nie in alle klassituasies suksesvol sal wees nie.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die begeleidingsprogram is sy doel geslaag het om onderwysers te begelei om ontwrigtende gedrag in die klaskamer te hanteer ten einde hul werkstres te verlig.

6.4 AANBEVELINGS

1. Die aanbevelings wat gemaak word is dat hierdie begeleidingsprogram toegepas kan

word in alle tipes klassituasies en meer spesifiek in die klasse waar multikulturele onderwys en uitkomsgerigte onderwys plaasvind. Die onderwyser is die spil waarom die begeleidingsprogram draai en derhalwe moet hy/sy goed voorbereid en gemotiveerd wees ten opsigte van die inhoud en inoefening van die program.

2. Aangesien daar met hierdie studie nie sprake van veralgemening is nie, is dit wesenlik dat soortgelyke navorsing op 'n provinsiale en nasionale vlak ook onder andere etniese- en taalgroepe gedoen word.
3. Die begeleidingsprogram behoort aan skole bekend gestel te word sodat onderwysers daarvan gebruik kan maak.

6.5 SLOTOPMERKING

Hierdie studie verteenwoordig 'n beskeie poging om 'n begeleidingsprogram vir onderwysers met werkstres binne klasverband saam te stel.

Daar word vertrou dat die onderhawige program met vrug deur onderwysers gebruik sal kan word en dat dit 'n bydrae sal lewer tot 'n hoër en beter lewenskwaliteit en produktiwiteit by onderwysers vir wie werkstres in die klassituasie 'n ernstige bedreiging geword het.